Sê JOU Sê!

KOMMENTAAR OOR DIE VOORGESTELDE NAAMSVERANDERING VAN EENDRAGPARK NA CLIVE CUPIDO-GEDENKPARK

Die Stad Kaapstad het 'n voorstel ontvang vir die naamsverandering van die Eendragpark na die Clive Cupido-gedenkpark.

Clive Cupido was 'n jong inwoner van Bellville-Suid wat op 29 Augustus 1985 gedurende die apartheidsera oorlede is. Sy dood, wat volgens berigte gekoppel was aan optrede deur apartheidsekuriteitspolisie, het 'n diep en blywende uitwerking op die plaaslike gemeenskap gehad. Vir baie inwoners bly sy heengaan 'n pynlike herinnering van die breër ongeregtighede wat gedurende daardie tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis ervaar is.

Die naamsveranderingsvoorstel het ten doel om sy nagedagtenis te vereer en erkenning te verleen aan die persoonlike belewenisse van die Bellville-Suid-gemeenskap gedurende apartheid. Voorstellers glo dat die verandering van die park se naam sal 'n simboliese gebaar van herinnering wees, wat beide die gemeenskap se swaarkry en veerkragtigheid uitbeeld.

Kennis geskied ingevolge artikel 17 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied word om vanaf 13 Maart 2026 tot 13 April 2026 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

Kommentaar, aanbevelings en insette kan op die volgende maniere ingedien word:

- E-pos: public.participation@capetown.gov.za
- Internet by www.capetown.gov.za/collaborate of www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings wat by subraadskantore ingehandig word

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe is en nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help. Bel 0800 212 176 vir hulp met die verwerking van jou mondelinge kommentaar.

Rig navrae oor die naamsveranderingsvoorstel aan Nathan Fisher by Nathan.Fisher@capetown.gov.za.

Sê jou sê!

Collaboration Platform

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA51/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.